

# ANCHOR LEGACY VIN 7

'n *Saccharomyces cerevisiae* hibriedgis vir die vrystelling van tiol-aromas in witwyne.

## OORSPRONG

LNR Infruitec-Nietvoorbij, die wingerd- en wynnavorsings-instituut van die Landbou-navorsingsraad, Stellenbosch.

## TOEPASSING

VIN 7 is ideaal vir die produksie van aromatiese witwyne by lae temperature. VIN 7 bevorder die vrystelling van grenadella-, pomelo-, appelliefie- en koejawelaromas en -geure vanaf nie-aromatiese voorlopers afkomstig van die sap. Om hierdie rede word dit sterk aanbeveel vir die fermentasie van die volgende druifkultivars: Sauvignon blanc, Chenin blanc en Colombard.

## FERMENTASIE-EIENSKAPPE

- Sterk fermenteerder, selfs by lae temperature; fermenteer stadiger na die einde van fermentasie
- Sensitief vir mikro-nutriënttekorte: gebruik Anchorferm of 'n alternatiewe rehidrasie- nutriënt tydens rehidrasie van die gis
- Omsettingsfaktor: 0.58 - 0.63
- Potensiaal vir skuim: hoog

## FENOTIPE

- Killer: sensitief
- Kaneelsuurdekarboksilase-aktiwiteit: swak positief (POF+)

## TEGNIËSE EIENSKAPPE

- Kouetoleransie: 13 °C
- Optimum temperatuurreeks: 13 - 16 °C
- Optimum helderheid van sap: 100 - 150 NTU
- Osmotoleransie: 24 °Balling/Brix
- Alkoholtoleransie by 15 °C: 14.5%
- Skuimproduksie: medium
- Inokulasie-temperatuur: nie laer as 15 °C

## METABOLIESE EIENSKAPPE

- Gliserolproduksie: 5 - 7 g/L
- Vlughtigesuur (VS) -produksie: 0.4 - 1.8 g/L
- SO<sub>2</sub>-produksie: geen tot baie laag
- Stikstofbehoefte: vereis 'n komplekse nutriënt bron

## DOSIS

20 g/hL

## VERPAKKING

VIN 7 is vakuümverpak in 1 kg-pakke. Stoor in 'n koel (5 - 15 °C), droë plek, verseël in die oorspronklike verpakking.

## RIGLYNE OM VS-VORMING TE BEPERK

- Die gebruik van propagering/moedertenk-kulture verminder die suikertoleransie en verhoog die gliserol/asynsuur-produksie; moenie VIN 7 propageer nie.
- Moenie inokuleer by temperature laer as 15 °C nie.
- Moenie gebruik by pH 3.2 en laer nie.
- Moenie gebruik indien 50 ppm of meer SO<sub>2</sub> by afmaal gebruik word nie.
- Moenie fermenteer by temperature laer as 13 °C nie.
- Die gebruik van askorbiensuur sal VS-vorming verhoog; die effek kan verminder word met die gebruik van 'n "suurstof-plaasvervanger", soos geïnaktiveerde gis-gebaseerde nutriënte.
- Moenie gebruik met *Botrytis* infeksie nie.
- Sap verkry deur flotasië: verseker genoegsame mikronutriënte en NTU's (100 - 150) voor inokulasie met VIN 7.
- Moenie gebruik met gepasteuriseerde mos nie.
- Inisiële suikerkonsentrasies bo 24 °Brix sal VS-vlakke verhoog.

